Rus verseker

Santam Beperk en sy filiale

Geouditeerde Verkorte Finansiële Verslag

vir die jaar geëindig 31 Desember 2007

INHOUD

Bladsy

Verkorte finansiële verslag vir Santam en sy filiale vir die jaar geëindig 31 Desember 2007 2-10

Kommentaar 11-14

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE
BTPKM Gamedze, JG le Roux, H Lorgat, NM Magau, AR Martin, JP Möller, RK Morathi, P de V Rademeyer, JP Rowse, GE Rudman, DK Smith (Voorsitter), J van Zyl, BP Vundla

UITVOERENDE DIREKTEURE
IM Kirk (Hoof Uitvoerende Beampte),
MJ Reyneke (Hoof Finansiële Beampte)

MAATSKAPPYSEKRETARIS
Sana-Ullah Bray

SANTAM HOOFKANTOOR EN GEREGISTREERDE KANTOOR
Sporticasingel 1,
Tyger Vallei, Bellville, 7530
Posbus 3881, Tyger Vallei, 7536
Tel: 021 915 7000
Faks: 021 914 0700
www.santam.co.za

Registrasienommer 1918/001680/06
ISIN ZAE000093779
JSE-aandelekode: SNT
NSX-aandelekode:SNM

OORDRAGSEKRETARIS
Computershare Investor Services 2004 (Edms) Bpk,
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Tel: 011 370 5000, Faks: 011 688 7721
www.computershare.com

BORG
Investec Securities Beperk

HOOGTEPUNTE

- Kern SA onderskrywingsbesigheid presteer goed
- Sterk kontantvloei geskep
- Spesiale dividend van 2 200 sent per aandeel in Desember betaal
- Kapitaalherstrukturering afgehandel
- BBSEB-transaksie vorder volgens beplanning

Gekonsolideerde balansstate

	Aantekeninge	**Geouditeer Op 31 Des 07 R miljoen**	Geouditeer Op 31 Des 06 R miljoen
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom en toerusting		**38**	59
Ontasbare bates		**135**	108
Uitgestelde belasting		**40**	27
Beleggings in geassosieerde maatskappye		**175**	215
Finansiële bates – teen billike waarde deur inkomste			
Ekwiteitsinstrumente	3	**4 454**	5 435
Skuldinstrumente	3	**2 901**	2 106
Bedryfsbates			
Herversekeringsbates		**2 026**	2 080
Uitgestelde verkrygingskoste		**239**	211
Lenings en bedrae verskuldig insluitende versekeringsbedrae verskuldig	3	**1 947**	1 394
Belastingbates		**27**	39
Kontant en kontantekwivalente		**3 445**	5 142
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop		**2 060**	–
Totale bates		**17 487**	16 816
EKWITEIT			
Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy			
Aandelekapitaal		**105**	71
Tesourie-aandele	5	**(726)**	–
Ander reserwes		**1 147**	1 119
Verdeelbare reserwes		**3 448**	5 437
Bedrae regstreeks erken in ekwiteit ten opsigte van nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop		**71**	–
		4 045	6 627
Buite-aandeelhouersbelang		**133**	123
Totale ekwiteit		**4 178**	6 750
AANSPREEKLIKHEDE			
Nie-bedryfslaste			
Uitgestelde belasting		**91**	297
Finansiële aanspreeklikhede – teen billike waarde deur inkomste			
Skuldinstrumente	6	**908**	–
Beleggingskontrakte		**525**	276
Afgeleide instrumente	3	**47**	–
Finansiële aanspreeklikhede – teen geamortiseerde koste			
Seleienaarsbelang		**336**	329
Bedryfslaste			
Versekeringskontrakte		**7 630**	7 694
Uitgestelde herversekeringsverkrygingsinkomste		**99**	74
Voorsienings vir ander aanspreeklikhede en kostes		**87**	148
Handels- en ander krediteure		**1 492**	1 213
Belastingaanspreeklikhede		**488**	35
Aanspreeklikhede regstreeks verbonde aan nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop		**1 606**	–
Totale laste		**13 309**	10 066
Totale aandeelhouersekwiteit en aanspreeklikhede		**17 487**	16 816

In die balansstaat vir 2007 word die Europese versekeringsbedrywighede getoon ingevolge IFRS 5 – Nie-bedryfsbates Gehou-vir-Verkoop en Beëindigde Bedrywighede.

Gekonsolideerde inkomstestate

	Aantekeninge	**Geouditeer Jaar geëindig 31 Des 07 R miljoen**	Geouditeer Jaar geëindig 31 Des 06 R miljoen	Verandering %
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE				
Bruto geskrewe premie		**13 173**	12 115	9%
Min: herversekeringspremie		**2 254**	2 011	
Netto premie		**10 919**	10 104	8%
Min: verandering in onverdiende premie				
Bruto bedrag		**330**	390	
Herversekeraarsaandeel		**(127)**	62	
Netto versekeringspremie-inkomste		**10 716**	9 652	11%
Beleggingsinkomste	7	**666**	508	31%
Inkomste uit herversekeringskontrakte gesedeer		**306**	342	
Netto wins op finansiële bates en laste teen billike waarde deur inkomste		**454**	1 205	(62%)
Netto inkomste		**12 142**	11 707	4%
Versekeringseise en verliesaanpassingsonkoste		**8 552**	7 619	
Versekeringseise en verliesaanpassingsonkoste verhaal van herversekeraars		**(1 250)**	(999)	
Netto versekeringsvoordele en -eise		**7 302**	6 620	10%
Onkoste met die verkryging van versekeringskontrakte		**1 794**	1 701	
Bemarkings- en administrasiekoste		**1 262**	1 046	
Beleggingsbestuursfooi		**27**	46	
Amortisasie van ontasbare bates		**2**	2	
Uitgawes		**10 387**	9 415	10%
Resultaat van bedryfsaktiwiteite		**1 755**	2 292	(23%)
Finansieringskoste		**(45)**	(7)	
Aandeel in inkomste van geassosieerde maatskappye		**76**	105	
Wins voor belasting		**1 786**	2 390	(25%)
Belasting	8	**(542)**	(593)	
Wins vir die jaar uit voortgesette bedrywighede		**1 244**	1 797	(31%)
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE				
(Verlies)/Wins vir die jaar uit beëindigde bedrywighede	4	**(168)**	70	(338%)
Wins vir die jaar		**1 076**	1 867	(42%)
Toeskryfbaar aan:				
– aandeelhouers van die maatskappy		**1 050**	1 844	(43%)
– minderheidsbelang		**26**	23	
		1 076	1 867	
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers				
Verdienste per aandeel (sent)	11			
Basiese verdienste per aandeel		**924**	1 574	(41%)
Verwaterde verdienste per aandeel		**914**	1 553	(41%)
Wesensverdienste per aandeel		**906**	1 555	(42%)
Verwaterde wesensverdienste per aandeel		**897**	1 535	(42%)
Geweegde gemiddelde getal aandele – miljoen		**113.67**	117.13	
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele vir verwaterde verdienste per aandeel – miljoen		**114.81**	118.71	
Dividend per aandeel (sent)		**410**	380	
Spesiale dividend per aandeel (sent)		**2 200**	–	

Gekonsolideerde state van verandering in ekwiteit

	Toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy						
	Aandele-kapitaal R miljoen	Tesourie-aandele R miljoen	Ander reserwes R miljoen	Verdeelbare reserwes R miljoen	Bedrae regstreeks erken in ekwiteit ten opsigte van nie-bedryfs-bates gehou-vir-verkoop R miljoen	Buite-aandeel-houers-belang R miljoen	**Totaal R miljoen**
Saldo soos op 1 Januarie 2006	42	–	763	4 922	–	125	**5 852**
Aandele-uitgifte	29	–	–	–	–	–	**29**
Wins vir die jaar	–	–	–	1 844	–	23	**1 867**
Oorplasing na reserwes	–	–	177	(177)	–	–	**–**
Ekwiteitsvergoedende voordele	–	–	–	13	–	–	**13**
Valuta-omrekeningsverskille	–	–	179	–	–	–	**179**
Dividende betaal	–	–	–	(1 165)	–	(20)	**(1 185)**
Addisionele belang deur buite-aandeelhouers verkry	–	–	–	–	–	(5)	**(5)**
Saldo soos op 31 Desember 2006	71	–	1 119	5 437	–	123	**6 750**
Aandele-uitgifte	34	–	–	–	–	–	**34**
Netto verkryging van tesourie-aandele	–	(726)	–	–	–	–	**(726)**
Wins vir die jaar	–	–	–	1 050	–	26	**1 076**
Oorplasing na reserwes	–	–	93	(93)	–	–	**–**
Ekwiteitsvergoedende voordele	–	–	–	14	–	–	**14**
Valuta-omrekeningsverskille	–	–	6	–	–	–	**6**
Dividende betaal	–	–	–	(2 960)	–	(17)	**(2 977)**
Belang verkry deur buite-aandeelhouers	–	–	–	–	–	1	**1**
Bedrae regstreeks erken in ekwiteit ten opsigte van nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	–	–	(71)	–	71	–	**–**
Saldo soos op 31 Desember 2007	**105**	**(726)**	**1 147**	**3 448**	**71**	**133**	**4 178**

Gekonsolideerde kontantvloeistate

	Aantekeninge	**Geouditeer Jaar geëindig 31 Des 07 R miljoen**	Geouditeer Jaar geëindig 31 Des 06 R miljoen
Kontant deur bedrywighede voortgebring		**2 139**	2 203
Rente betaal		**(45)**	(7)
Belasting betaal		**(288)**	(606)
Netto kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring		**1 806**	1 590
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite		**(197)**	(390)
Verkryging van filiaal, netto van kontant verkry	9	**(61)**	(30)
Opbrengs met verkoop van filiaal, netto van kontant verkoop		**–**	183
Kontant verkry/(verkoop) deur die verkryging/verkoop van filiaal		**52**	(188)
Toevoegings tot toerusting		**(32)**	(18)
Opbrengs met verkoop van toerusting		**3**	1
Kapitaal terugbetaling van geassosieerde maatskappye		**–**	1
Opbrengs met verkoop van geassosieerde maatskappye		**21**	23
Waarde van besigheid verkry		**(2)**	(2)
Netto kontant deur beleggingsaktiwiteite voortgebring		**(216)**	(420)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Opbrengs met uitgifte van gewone aandele		**34**	29
Aankoop van tesourie-aandele		**(726)**	–
Toename in skuldinstrumente		**964**	–
Toename in beleggingskontrakaanspreeklikhede		**230**	–
Dividende betaal aan maatskappy se aandeelhouers		**(2 960)**	(1 165)
Dividende betaal aan buite-aandeelhouers		**(17)**	(20)
Toename in seleienaarsbelang		**8**	61
Netto kontant aangewend in finansieringsaktiwiteite		**(2 467)**	(1 095)
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente		**(877)**	75
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar		**5 142**	4 927
Valutaomrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente		**(8)**	140
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar		**4 257**	5 142
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop		**(812)**	–
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar – Voortgesette bedrywighede		**3 445**	5 142
Kontantvloei ten opsigte van beëindigde bedrywighede			
Ingesluit by bogenoemde is die volgende kontantvloei uit beëindigde bedrywighede.			
Bedryfskontantvloeie		**233**	197
Beleggingskontantvloeie		**(25)**	(15)
Finansieringskontantvloeie		**(197)**	–
Netto toename in kontant en kontantekwivalente		**11**	182
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar		**808**	515
Valutaomrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente		**(7)**	111
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar		**812**	808

Aantekeninge by die verkorte finansiële verslag

1. Voorbereidingsgrondslag en rekeningkundige beleid

Die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2007 is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 – *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* en ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel. Dié is die groep se verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die tydperk waarvoor finansiële jaarstate ooreenkomstig IFRS opgestel is. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting in wat ooreenkomstig IFRS vir volledige finansiële jaarstate vereis word nie.
Die hoof rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2007, stem ooreen met dié wat toegepas is in die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2006 ingevolge IFRS. In die balansstaat en inkomstestaat vir 2007, word die Europese versekeringsbedrywighede aangebied ingevolge IFRS 5 – *Nie-bedryfsbates Gehou-vir-Verkoop en Beëindigde Bedrywighede*. Die vergelykende syfers vir 2006 is in die inkomstestaat hersaamgestel.

2. Segmentverslag

Ten einde meer betekenisvolle openbaarmaking te verseker, word slegs die voortgesette bedrywighede op 'n gesegmenteerde grondslag gerapporteer.

2.1 Vir die jaar geëindig 31 Desember 2007

Besigheidsaktiwiteite	Versekerings-aktiwiteite R miljoen	Beleggings-aktiwiteite R miljoen	Totaal R miljoen
Bruto geskrewe premie	13 173		**13 173**
Netto geskrewe premie	10 919		**10 919**
Netto verdiende premie	10 716		**10 716**
Eise voorgekom	7 302		**7 302**
Netto kommissie	1 488		**1 488**
Bestuurskoste	1 262		**1 262**
Onderskrywingsresultaat	664	–	**664**
Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse	319		**319**
Netto versekeringsresultaat	983	–	**983**
Beleggingsinkomste netto van beleggingsbestuursfooi en finansieringskoste		729	**729**
Inkomste van geassosieerde maatskappye		76	**76**
Amortisasie van ontasbare bates	(2)	–	**(2)**
Inkomste voor belasting	981	805	**1 786**
Totale bates	7 897	7 530	**15 427**
Totale aanspreeklikhede	10 724	979	**11 703**

Versekeringsklas	Bruto geskrewe premie R miljoen	Onder skrywings-resultaat R miljoen	Totale bates R miljoen	Totale laste R miljoen
Ongevalle en gesondheid	331	12	33	138
Alternatiewe risiko	1 780	50	456	1 880
Oes	436	(87)	114	254
Ingenieurs	508	201	64	240
Waarborg	20	30	22	37
Aanspreeklikheid	1 068	301	891	1 994
Ander	27	(1)	9	26
Motor	4 941	164	60	1 135
Eiendom	3 719	(10)	542	1 769
Vervoer	343	4	74	258
Ongeallokeerd	–	–	13 162	3 972
Totaal	**13 173**	**664**	**15 427**	**11 703**
Bestaande uit:				
Kommersiële versekering	6 600	558	1 798	4 978
Persoonlike versekering	4 793	56	11	873
Alternatiewe risiko	1 780	50	456	1 880
Ongeallokeerd	–	–	13 162	3 972
Totaal	**13 173**	**664**	**15 427**	**11 703**

2.2 Vir die jaar geëindig 31 Desember 2006

Besigheidsaktiwiteite	Versekerings-aktiwiteite R miljoen	Beleggings-aktiwiteite R miljoen	Totaal R miljoen
Bruto geskrewe premie	12 115		**12 115**
Netto geskrewe premie	10 104		**10 104**
Netto verdiende premie	9 652		**9 652**
Eise voorgekom	6 620		**6 620**
Netto kommissie	1 359		**1 359**
Bestuurskoste	1 046		**1 046**
Onderskrywingsresultaat	627	–	**627**
Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse	250		**250**
Netto versekeringsresultaat	877	–	**877**
Beleggingsinkomste netto van beleggingsbestuursfooi en finansieringskoste	–	1 410	**1 410**
Inkomste van geassosieerde maatskappye	–	105	**105**
Amortisasie van ontasbare bates	(2)	–	**(2)**
Inkomste voor belasting	875	1 515	**2 390**
Totale bates	7 975	7 046	**15 021**
Totale aanspreeklikhede	8 995	22	**9 017**

Versekeringsklas	Bruto geskrewe premie R miljoen	Onder-skrywings-resultaat R miljoen	Totale bates R miljoen	Totale laste R miljoen
Ongevalle en gesondheid	316	20	31	123
Alternatiewe risiko	1 416	18	244	1 591
Oes	360	40	98	194
Ingenieurs	476	77	325	538
Waarborg	26	32	48	64
Aanspreeklikheid	809	58	700	1 494
Ander	124	65	40	107
Motor	4 574	248	64	956
Eiendom	3 724	5	555	1 525
Vervoer	290	64	46	178
Ongeallokeerd	–	–	12 870	2 247
Totaal	**12 115**	**627**	**15 021**	**9 017**
Bestaande uit:				
Kommersiële versekering	6 194	552	1 880	4 427
Persoonlike versekering	4 505	57	27	752
Alternatiewe risiko	1 416	18	244	1 591
Ongeallokeerd	–	–	12 870	2 247
Totaal	**12 115**	**627**	**15 021**	**9 017**

		Geouditeer Op 31 Des 07 R miljoen	Geouditeer Op 31 Des 06 R miljoen
3.	**Finansiële bates teen billike waarde deur inkomste**		
	Die groep se finansiële bates word hieronder opgesom op grond van metingskategorie.		
	Billike waarde deur inkomste	**7 308**	7 541
	Lenings en bedrae verskuldig	**1 947**	1 394
	Totale finansiële bates	**9 255**	8 935
	Finansiële bates teen billike waarde deur inkomste		
	Ekwiteitsinstrumente:		
	– genoteer	**4 434**	5 415
	– ongenoteer	**20**	20
		4 454	5 435
	Afgeleide instrumente		
	– rentekoersruiltransaksies	**(47)**	–
	Skuldinstrumente		
	– genoteer		
	staats- en ander effekte	**1 322**	1 339
	geldmarkinstrumente (langtermyninstrumente)	**851**	–
	– ongenoteer		
	ongenoteerde effekte	**1**	1
	ongenoteerde aflosbare voorkeuraandele	**727**	766
		2 901	2 106
	Totale finansiële bates teen billike waarde deur inkomste	**7 308**	7 541

4. Nie-bedryfsbates gehou-vir-verkoop en beëindigde bedrywighede

Die bates en laste ten opsigte van Santam Europe Limited en Westminster Motor Insurance Association is gerapporteer as "gehou-vir-verkoop" na goedkeuring deur die Santam direksie om beide die bedrywighede binne die volgende 12 maande te verkoop.

Ontleding van die resultate van die beëindigde bedrywighede		
Bruto geskrewe premies	**932**	622
Netto premie	**872**	580
Netto versekeringspremie-inkomste	**641**	551
Netto beleggings- en herversekeringsinkomste	**82**	92
Netto versekeringsvoordele en –eise	**725**	417
Bestuurskoste	**188**	134
(Verlies)/Wins voor belasting	**(190)**	92
Belasting	**22**	(22)
(Verlies)/Wins vir die jaar uit beëindigde bedrywighede	**(168)**	70

5. Tesourie-aandele

'n Filiaal in die groep het 6 972 940 Santam aandele teruggekoop deur middel van 'n vrywillige aandele-terugkoop aanbod op 20 April 2007 teen R102 per aandeel. 'n Bykomende 174 346 aandele is teen 'n gemiddelde prys van R110 per aandeel in die mark teruggekoop. 60 118 aandele is ingevolge die uitvoerende bestuur aandele aankoopskema teen R110 per aandeel heruitgereik. Die aandele word gehou as tesourie-aandele en teen die kosprys waardeer. Die maatskappy het die reg om hierdie aandele op 'n latere stadium weer uit te reik onderhewig aan toestemming van die JSE en die Reguleerder.

	Geouditeer Op 31 Des 07 R miljoen	Geouditeer Op 31 Des 06 R miljoen
6. Skuldinstrumente – teen billike waarde deur inkomste		
Skuldbriewe uitgereik	**955**	–
Billikewaarde-aanpassing	**(47)**	–
	908	–

Die maatskappy het in Mei 2007, ingevolge sy skuldbriefprogram van R1.2 miljard, ongewaarborgde ondergeskikte skuldbriewe ter waarde van R600 miljoen as alternatiewe kapitaal ingevolge sy kapitaaloptimaliseringstrategie uitgereik. 'n Bykomende uitgifte van R400 miljoen is in November 2007 op oop tender in die mark geplaas.

Die effektiewe vaste koers vir die uitgifte van R600 miljoen was 8.6% en 9.6% vir die tweede deel van R400 miljoen, wat die R203 genootverband plus 'n toepaslike kredietspreiding op die tydstip van die uitgifte verteenwoordig. Die vastekoeponkoers, gegrond op die nominale waarde van die uitgifte, beloop 8.25% en die opsionele aflosdatum vir beide dele is 15 September 2017. Tussen die opsionele aflosdatum en die finale vervaldatum van 15 September 2022, sal 'n veranderlike rentekoers (JIBOK-gebaseer) plus 'n bykomende marge geld.

Ingevolge die voorwaardes gestel deur die Reguleerder, word daar van Santam vereis om likiede bates, gelykstaande aan die waarde van die skuldbriewe, te hou tot vervaldatum. Die skuldbriewe word waardeer teen billike waarde om sodoende onnodige onbestendigheid op die inkomstestaat te beperk. Die waardasie word gebaseer op die R203 genootverband.

7. Beleggingsinkomste		
Dividendinkomste	**262**	192
Rente-inkomste	**402**	308
Valuta-omrekeningsverskille	**2**	8
	666	508
8. Belasting		
Normale Suid-Afrikaanse belasting		
Huidige jaar	**716**	578
Lopende belasting	**464**	465
SBM	**252**	113
Vorige jaar	**30**	(42)
Buitelandse belasting	**18**	8
Inkomstebelasting vir die jaar	**764**	544
Uitgestelde belasting	**(222)**	49
Huidige jaar	**(206)**	41
SBM	**(16)**	–
Vorige jaar	**–**	8
Totale belasting volgens die inkomstestaat	**542**	**593**

9. Besigheidskombinasies

Op 9 April 2007 het die groep sy belegging in Admiral Professional Underwriting Agency (Pty) Ltd van 28.9% na 70% verhoog en op 8 November 2007 tot 100%.

Aankoopprys betaal	**61**	–
Minus: Netto batewaarde verkry	**(16)**	–
Belegging in geassosieerde maatskappy voorheen verkry	**7**	–
Klandisiewaarde	**52**	–

10. Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB)

Santam het in Februarie 2007 formeel sy voorneme aangekondig om deur 'n spesiale-doelmaatskappy (BEE SPV Co) die verkryging van 'n effektiewe 10% eienaarskap in Santam te fasiliteer. In terme van die skema het Santam-aandeelhouers 10% van hul Santam-aandele wat deur hulle op 21 Mei 2007 gehou is, verkoop aan die BEE SPV Co teen R82 per aandeel. Na die inwerkingstelling van die skema, is die BEE SPV Co nou die geregistreerde houer van sowat 10% van Santam se uitgereikte aandele (uitsluitend tesourie-aandele). Die aandele van die BEE SPV Co word weer deur drie trusts gehou:

- 26% deur die Santam Personeel Trust vir Swart Ekonomiese Bemagtiging ("Personeeltrust")
- 25% deur die Santam Gemeenskap Trust vir Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging ("Gemeenskapstrust")
- 49% deur die Santam Sakevennote Trust in Swart Ekonomiese Bemagtiging ("Sakevennoottrust")

Die verkryging van die aandele deur die BEE SPV Co is befonds deur 'n voorkeuraandele-fasiliteit van R430 miljoen deur Sanlam Kapitaalmarkte Beperk en 'n oorbruggingslening van R490 miljoen van Sanlam Lewensversekering Bpk. Die BEE SPV Co sal die oorbruggingslening met permanente befondsing herfinansier wanneer dit in Maart 2008 betaalbaar word. Dividende ontvang deur die BEE SPV Co van die Santam-skema-aandele word gebruik om die skuld te delg.

Die Santam-skema-aandele wat deur die BEE SPV Co hou word, bly "geslote" tot 28 Februarie 2015 in die BEE SPV Co. Na die "geslote" tydperk:

- Word 'n groot deel van die Santam-aandele verkoop om alle uitstaande skuld te vereffen.
- Word alle oorblywende Santam-aandele deur die BEE SPV Co as dividende in spesie aan die drie trusts uitgekeer
- Sal die drie trusts die oorblywende Santam-aandele ooreenkomstig die reëls van elke trusts aan deelnemers uitkeer.

Die Personeeltrust het die eerste toekennings aan Santam-personeel in die eerste week van Desember 2007 suksesvol afgehandel. Toekennings is gemaak in die vorm van eenhede in die Personeeltrust. 'n Aandeelgebaseerde koste van R1 miljoen is in die finansiële jaarstate van 2007 as 'n koste erken. Dit verteenwoordig die proporsionele koste vir die toekennings wat in Desember 2007 ingevolge die Personeeltrust aan personeel gemaak is. Geen aandeelgebaseerde koste is in die 2007 finansiële jaar ten opsigte van die Gemeenskaps- of Sakevennoottrust gedoen nie aangesien geen toekennings teen 31 Desember 2007 gemaak was nie.

Aangesien die nuutgeskepte BEE SPV Co ingevolge die vereistes omskryf in SIC 12 – *Spesialedoelentiteite* nie deur Santam beheer word nie, is die entiteit nie in Santam se resultate gekonsolideer nie.

	Geouditeer Op 31 Des 07 R miljoen	Geouditeer Op 31 Des 06 R miljoen
11. Verdienste per aandeel		
Basiese verdienste per aandeel		
Wins toeskryfbaar aan die maatskappy se aandeelhouers (R miljoen)	**1 050**	1 844
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele (miljoen)	**113.67**	117.13
Verdienste per aandeel (sent)	**924**	1 574
Verdienste per aandeel – Voortgesette bedrywighede (sent)	**1 071**	1 514
Verdienste per aandeel – Beëindigde bedrywighede (sent)	**(147)**	60
Verwaterde verdienste per aandeel		
Wins toeskryfbaar aan die maatskappy se aandeelhouers (R miljoen)	**1 050**	1 844
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele (miljoen)	**113.67**	117.13
Aangepas vir aandele-opsies	**1.14**	1.58
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele vir verwaterde verdienste per aandeel (miljoen)	**114.81**	118.71
Verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent)	**914**	1 553
Verwaterde basiese verdienste per aandeel – Voortgesette bedrywighede	**1 061**	1 494
Verwaterde basiese verdienste per aandeel – Beëindigde bedrywighede	**(147)**	59
Wesensverdienste per aandeel		
Wins toeskryfbaar aan die maatskappy se aandeelhouers	**1 050**	1 844
Aangepas vir:		
Wins met verkoop van filiale en geassosieerde maatskappye	**(20)**	(22)
Wesensverdienste (R miljoen)	**1 030**	1 822
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele (miljoen)	**113.67**	117.13
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**906**	1 555
Wesensverdienste per aandeel – Voortgesette bedrywighede (sent)	**1 054**	1 495
Wesensverdienste per aandeel – Beëindigde bedrywighede (sent)	**(148)**	60
Verwaterde wesensverdienste per aandeel		
Wesensverdienste (R miljoen)	**1 030**	1 822
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele vir verwaterde verdienste per aandeel (miljoen)	**114.81**	118.71
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**897**	1 535
Verwaterde wesensverdienste per aandeel – Voortgesette bedrywighede (sent)	**1 043**	1 476
Verwaterde wesensverdienste per aandeel – Beëindigde bedrywighede (sent)	**(146)**	59

KOMMENTAAR

Die jaar onder oorsig was uitdagend, gekenmerk deur gemengde sukses. Vanuit 'n onderskrywingsperspektief het die groep in sy kernbedrywighede in Suider-Afrika baie goed gevaar en 'n styging in beide onderskrywingswins en versekeringsresultaat teenoor 2006 getoon. Die internasionale besigheid se vertoning was egter teleurstellend. As gevolg van die groep se blootstelling aan ekwiteitsinstrumente is sy beleggingsresultate negatief beïnvloed deur die onlangse onstuimigheid op finansiële markte. Hoewel beleggingsinkomste vir die jaar verwagtinge oortref het, het dit baie laer as die uitsonderlike hoë vlakke van 2006 geëindig. In 2007 het die maatskappy sy kapitaalherstruktureringsproses suksesvol afgehandel. Die SBM-belasting op die spesiale dividend het R245 miljoen beloop, en het verdienste beïnvloed. Wesensverdienste van R1 030 miljoen was 42% laer as die vorige jaar, wat gelyk is aan 'n wesensverdienste per aandeel van 906 sent vergeleke met 1 555 sent in 2006.

Die Suider-Afrikaanse bedrywighede, selversekeringsbesigheid uitgesluit, het 'n toename van 8% in bruto geskrewe premies behaal. Dit is bevredigend in die lig van die sagter mark en die regstellende stappe wat Santam gedoen het om gehaltebesigheid te verkry en te behou. Groei is in die meeste besigheidsklasse behaal.

Die netto onderskrywingsmarge vir die jaar stem ooreen met dié van 2006, hoewel die tweede helfte van die jaar baie moeiliker was as die eerste weens verskeie katastrofiese gebeurtenisse, waarvan die vloede in die Suid-Kaap die grootste was. 'n Aantal baie groot korporatiewe industriële eise het die eiendoms- en ingenieursbesigheidsklas negatief beïnvloed. Daarteenoor het die tydige regstellende stappe wat gedoen is in die persoonlike besigheidsklasse, die resultate wesenlik verbeter. Onderskrywingsresultate in die spesialisbesigheidsklasse het egter gewissel. Die aanspreeklikheidsbesigheidsklas was baie winsgewend, alhoewel marinebesigheid in die vroeë deel van die jaar groot verliese gely het. Oesversekering het groot verliese gely as gevolg van ernstige droogtetoestande en hoë voorvalle van hael in die somerreënvalgebiede. As gevolg van Santam se deurlopende evaluering van versekeringsaanspreeklikhede in terme van eise-ervaring, is die voorsiening vir eise voorgekom, maar nog nie aangemeld nie, in die tweede helfte van die jaar met 'n bykomende R30 miljoen verminder, wat die vermindering tot altesame R65 miljoen bring vir die volle jaar. Die netto verkrygingskosteverhouding van 25.7% het effens gestyg weens die aanvanklike besteding op groot strategiese projekte.

Die netto onderskrywingsresultaat van R664 miljoen (2006: R627 miljoen) van die voortgesette bedrywighede het verwagtinge oortref, met 'n algehele netto onderskrywingsmarge van 6.2% teenoor die

6.5% vir 2006. Aangesien optimale retensievlakke teen 'n aanvaarbare risikoprofiel bereik is, was die verdiende herversekeringspremievlak 16.5% van bruto verdiende premie, vergeleke met 17.6% in 2006. Indien die impak van die selversekeringsbesigheid buite rekening gelaat word, het die verhouding vir die jaar van 11.5% in 2006 tot 8.2% gedaal.

Op onderskrywingsvlak het die internasionale bedrywighede 'n nabelaste verlies van R168 miljoen vir die jaar gely in vergeleke met 'n wins van R70 miljoen in 2006. Soos gerapporteer in ons bedryfsoorsig wat in November 2007 uitgereik is, het die Dublin-gebaseerde versekeringsbesigheid nie volgens verwagting presteer nie en is dit gevolglik in formele afloop geplaas. Westminster Motor Insurance Association (WMIA) ondervind steeds strawwe kompetisie in 'n toenemend mededingende motormark in die VK met gevolglike druk op premietariewe en onderskrywingsverliese. Ná omsigtige oorweging van Santam se strategiese langtermyndoelwitte, is besluit om sy betrokkendheid by die Europese versekeringsbedrywighede in totaal te beëindig. Die proses is reeds ver gevorderd en die bedrywighede van WMIA en Santam Europe word gevolglik as "Beëindigde Bedrywighede" hanteer soos gedefinieer in IFRS 5 – *Nie-bedryfsbates Gehou-vir-Verkoop en Beëindigde Bedrywighede* en in die groep se finansiële state as sodanig gerapporteer.

Die beleggingsopbrengs op versekeringsfondse het dié van die vorige jaar met 27% oorskry, hoofsaaklik as gevolg van hoër rentekoerse en gemiddelde versekeringsfondsvlakke (fondse gegenereer deur versekeringsaktiwiteite). Die maatskappy se bedryfsaktiwiteite het in die jaar R2.1 miljard in kontant gegenereer, wat effens minder was as die R2.2 miljard wat in die vergelykbare tydperk voortgebring is.

Die voortgesette bedrywighede het 'n netto versekeringsmarge van 9.2% vir die jaar behaal in vergelyking met 9.1% in 2006.

In die eerste tien maande van die jaar het Santam se beleggingsprestasie wesenlik gebaat by die sterk plaaslike aandeelmark, met resultate wat aansienlik beter was as in 2006. In die laaste twee maande van die jaar het die waarde van die plaaslike aandele egter kwaai gedaal, onder meer onder invloed van die negatiewe sentiment op internasionale aandeelmarkte weens die krisis in die VSA-subprimaskuldmark. Gevolglik het Santam in dié tydperk wesenlike ongerealiseerde billikewaarde-verliese gely wat beleggingsinkomste vergeleke met die uitsonderlike vlakke van 2006 verminder het.

Verdienste uit geassosieerde maatskappye was 28% laer vir die jaar. Bydraes deur Credit Guarantee Insurance Company was steeds

gesond, maar opbrengs uit Lion of Africa was laer as verwag.

Santam het in 2007 sy kapitaalherstruktureringsprogram suksesvol afgehandel. 'n Vrywillige aandeleterugkoopaanbod is gedoen en die maatskappy het in April 5.88% van sy uitgereikte gewone aandele teen R102 per aandeel gekoop. Dit het 'n daling in aandelekapitaal van R713 miljoen tot gevolg gehad met die solvensieverhouding wat terselfdertyd met effektief 6% verlaag het. Ten einde alternatiewe kapitaal in terme van sy kapitaaloptimaliseringsproses te verkry, het die maatskappy in Mei ongesekureerde ondergeskikte opvraagbare skuldbriewe ter waarde van R600 miljoen in ope aanbod uitgereik, gevolg deur 'n bykomende uitgif van R400 miljoen in November. Ingevolge regulatoriese goedkeuring word hierdie ondergeskikte skuld van R1 miljard vir solvensiedoeleindes as deel van kapitaal beskou en hou dit verder ook die voordeel in dat die groep se geweegde gemiddelde kapitaalkoste aansienlik verlaag word. Die finale fase van die optimaliseringsproses was die betaling van 'n spesiale dividend van 2 200 sent per aandeel in Desember. Die algehele impak van dié optrede was die verlaging van die groep se solvensie van 62% aan die einde van 2006 tot 42% aan die einde van 2007. Die netto batewaarde per aandeel het gedaal van 5 634 sent aan die einde van 2006 tot 3 610 sent aan die einde van 2007, wat die groep goed posisioneer om 'n hoër opbrengs op aandeelhouerskapitaal te lewer.

Gedurende 2007 het Santam R3.67 miljard aan aandeelhouers uitgekeer in die vorm van gewone dividende van R495.6 miljoen, 'n spesiale dividend van R2.46 miljard en 'n vrywillige aandeleterugkoop van R713 miljoen.

Goeie vordering is die jaar gemaak met die afhandeling van Santam se strukture vir Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) wat 'n aanvang geneem het met die verpligte aandeleterugkoop van 10% teen R82 per aandeel in Mei 2007. Aangesien Santam ingevolge SIC 12 – *Spesialedoel-entiteite* nie die nuutgestigte SEB-entiteit beheer nie, is die entiteit nie in Santam se resultate gekonsolideer nie. Die eerste aandeeleenheidtoekenning aan begunstigdes, synde swart personeel as lede van die Personeeltrust, is in Desember 2007 gedoen, wat 'n IFRS 2-koste van R1 miljoen vir die jaar tot gevolg gehad het.

Die direksie spreek sy waardering uit teenoor Santam se bestuur, personeel, makelaars en ander sakevennote vir hul pogings en bydraes die afgelope jaar.

Vooruitsigte

Onderskrywingsmarges sal na verwagting onder druk bly weens die sagter mark, beide in kommersiële en persoonlike lyne, en kan veral uitdagend wees indien die verwagte verswakking in internasionale en plaaslike ekonomiese toestande in gedagte gehou word.

Die daling in die besteebare inkomste van individue, onsekerheid oor elektrisiteitsvoorsiening en die verswakkende openbare infrastruktuur is veral kommerwekkend. Met die voordeel van diversifikasie is Santam egter goed geplaas om dié uitdagings die hoof te bied.

In die lig van die onbestendigheid op plaaslike finansiële markte sal kapitaalgroei op die beleggingsportefeulje in 2008 waarskynlik onder druk wees. As 'n langtermyn-waardebelegger, moet ons egter toereikende blootstelling aan aandele handhaaf om aanvaarbare langtermynopbrengs op aandeelhouersfondse te lewer. Ooreenkomstig algemene konsensus sal rentekoerse in die afsienbare toekoms na verwagting op die huidige vlakke bly, wat 'n positiewe invloed op ons kontantverwante beleggingsopbrengs sal hê.

Ten opsigte van die BBSEB-transaksie, is die fokus vir 2008 op die identifikasie van en toekennings aan die deelnemers van die Sakevennoottrust en die Gemeenskapstrust, waarvan die eerste in die eerste helfte van 2008 verwag word.

Verklaring van dividend (Nommer 108)

Hiermee word kennis gegee dat die direksie 'n finale dividend van 244 sent per aandeel (2006: 262 sent) verklaar het. Dit bring die totale dividende vir die jaar op 410 sent per aandeel (2006: 380 sent) te staan, 'n toename van 8%.

Aandeelhouers moet daarop let dat Donderdag, 13 Maart 2008, die laaste dag is waarop aandele "cum dividend" sal verhandel. Die aandele sal "ex dividend" verhandel met die aanvang van sake op Vrydag, 14 Maart 2008. Die rekorddatum is Donderdag, 20 Maart 2008, en die betaaldatum is Dinsdag, 25 Maart 2008. Aandeelhouers met sertifikate mag nie hul aandele tussen Vrydag, 14 Maart 2008, en Donderdag, 20 Maart 2008, beide datums ingesluit, dematerialiseer of hermaterialiseer nie.

Ouditeursverslag

PricewaterhouseCoopers Ing., het die resultate vir die jaar geouditeer en hul ongekwalifiseerde ouditverslag oor die finansiële jaarstate vir 31 Desember 2007 en die verkorte finansiële state is op versoek by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

Namens die direksie

DK Smith	IM Kirk
Voorsitter	Uitvoerende hoof

26 Februarie 2008